


# Die Oorsprong van Ons Gesange en

## Psalms

deur

Dr. C. G. S. de Villiers



TOE in die eerste helfte van die sestiende eeu Greiter, Klug, Selnecker, Luther en ander in Duitsland besig was om gesange vir die nuwe kerk te komponeer, was daar 'n soortgelyke bedrywigheid in Franssprekende Europa te bespeur. En terwyl in Duitsland die gemeentelike gesang die vorm sou aanneem van die „evangeliese kerklied” of „gesang,” soos dit in Suid-Afrika algemeen bekend staan, was dit in Franssprekende

Europa die psalms wat die eerste aandag geniet het van die voorstanders van volksgodsdiens in die volkstaal.

Die kernuitgawe van die Franse psalmberyming of „psautier” is dié wat in 1539 in Straatsburg onder redaksie van Calvyn self verskyn het. Die versameling het maar uit agtien psalms bestaan, maar tog is daar al oneindig baie gestry oor die oorsprong van die tekste en die musiek van daardie psalms. Van die hoogs belangrike eerste uitgawe van die „psautier huguenot” bestaan 'n enkele kosbare eksemplaar in die Staatsbiblioteek in München. Van die agtien psalms is die woorde van twaalf deur Clément Marot, vyf deur Calvyn self, en een was in prosa. Die wysies van die Calvynse berymings is Duits: een deur W. Dachstein (gest. plus-minus 1530) en vier deur M. Greiter (gest. 1550). Dit het my nie geluk om vas te stel watter van die vyf Calvynpsalms se wysie deur Dachstein gemaak is nie, maar ps. 36 „Het trotsch gedrag des boozen” is definitief deur Greiter, en dit is die wysie waarop ons ook 'n menigte gesange sing, o.a. die alombekende ges. 2, „Den Hoogen God alleen sy eer.” Van die ander vier Calvynpsalms is no's. 46 en 91 vir ons onbekend, maar die ander twee wysies het gelukkig volkskultuur geword. Ps. 25, „k Hef mijn Ziel o God der Goden” is so bekend as enige gesang uit lys No. 1 van die slotartikel oor die gesange. Besonder bekend en bemind is verse 1, 2, 4, 5, 6 en 7. Die wysie word net vir die een psalm (25) gebruik. Psalm 138 se wysie kom 'n mens as minder „klassiek” voor, omdat dit nie die skone, rustige lyne het nie en 'n effens onbeholpe indruk maak. Die wysie is in Suid-Afrika eerder bekend as bemind.

Die Calvynse berymings het in 1543 uit die „psautier genevois” verdwyn en is vervang deur berymings van Marot. Selfs in die uitgawe van 1554 was daar nog ses psalms sonder wysies. 'n Nuwe digter verskyn in 1551 in die psautier; dit is Théodore de Bèze (Beza), wie se naam vir studente van die Calvinisme so bekend is. Eers in 1562 was die Franse psalmberyming — waarop dié van ons gegrond is! — klaar, maar selfs daardie uitgawe bevat maar honderd-vyf-entwintig wysies, waarvan vyf-en-tagtig tussen 1542 en 1554 en veertig in 1562 in die „psautier genevois” opgeneem is. Tegnies word die „psautier” eers sedert 1542 die Geneefse psalter genoem.

En die wysies? Vyf was oorspronklik verbonde aan die ou Calvyn-berymings van no's. 25, 36, 46, 91 en 138, soos bo verduidelik. Op die wysies van pss. 36 en 46 word ook onderskeidelik 68 en 82 gesing, en dié twee was psalms wat in die psautier van 1562 nog geen wysies gehad het nie. Sewe psalmwysies het Calvyn seker meegebring uit Straatsburg, waarheen hy verdryf was en waar hy vanaf 1538 tot 1541 gewoon het.

In 1541 is 'n gebore Parysenaar, Louis Bourgeois (geb. 1510, gest. na 1561) na Genève beroep, en daar het hy 'n belangrike rol gespeel by die ontstaan van die musiek van die „psautier genevois.” Dit is eers in die laaste tyd dat dit al hoe duideliker geword het dat Bourgeois grotendeels verantwoordelik vir die musiek van die psalms is. Die koraalboek van Litzau, wat so algemeen in Suid-Afrika gebruik word, gee ons die inligting dat al ons psalmwysies of deur Goudimel of deur Frank (eintlik Le Franc), Bourgeois se voorganger in Genève, gekomponeer is. Ongelukkig is die inligting totaal onjuis. Die Franse komponis Claude Goudimel (1505?—1572) het voor-

dat hy in Lyon tydens die Bartolomeusnag vermoor is, 'n geharmonieerde uitgawe van die psalmwysies uitgegee; maar hy was nooit in Genève en het nooit in verbinding gestaan met Calvyn nie, wat in ieder geval die sing van die psalms in „stemme” (d.w.s. geharmonieer) afgekeur het. Goudimel was in 1557 nog Rooms, en toe was die psautier al so te sê klaar!

Buitendien kan ons onweerlegbare bewyse uit die argiewe in Genève vind dat Bourgeois die berymings van De Bèze op musiek gesit het en die wysies van psalms wat toe al reeds in die psautier opgeneem was, bewerk het. Die ondersoekinge op hierdie moeilike gebied is reeds in 1878-79 gedoen deur Douen in haar beroemde boek *Clément Marot et le psautier huguenot*. Die musiek van die uitgawe van 1562 van die psautier moet tog hoofsaaklik die werk van Bourgeois wees, hoewel vermoedelik as gevolg van die vertrek van Bourgeois uit Genève, iemand anders verantwoordelik vir sommige wysies was. Maître Pierre word soms as komponis aangegee. Van die honderd-vyf-entwintig wysies van die uitgawe van 1562 is elf uit dié ou Straatsburg-edisie van 1539 geneem. Een van die wysies is juis dié van ps. 36, wat dus onveranderd tot ons gekom het en nou amper vierhonderd jaar geskiedenis as psalmwysie het. Soos in die artikels oor die gesange uiteengesit, het die wysie in die „Strassburger Kirchenamt” van 1525 verskyn. Hoewel dit in die eerste psautier verbonde was met 'n psalmberyming van Calvyn, is alle psalmberymings van die hervormer in 1543 al weggelaat. Uit die literatuur tot my beskikking is dit nie vir my moontlik om te sê wie se berymings in die plek van dié van Calvyn gestel is nie, maar omdat Marot verantwoordelik was vir sewen-en-veertig en De Bèze vir honderd-en-drie berymings, het laasgenoemde se berymings bepaald dié van Calvyn vervang.

Dit is onmoontlik om die oorsprong van die psalms na te gaan soos dié van die gesange, want wie kan nou nog seker wees watter wysies Bourgeois gekomponeer en watter hy aanmekeer gelas het? Dat die saamlasproses 'n baie groot rol gespeel het by die psalms, word algemeen toegegee. Baie wysies was oorspronklik volksliedere, en ons verbaas ons dat die psalmmelodieë wat daaruit ontstaan het, so „gewyd” is. Ons moet egter nie vergeet nie dat daar in die sestiende eeu nie die groot kloof tussen geestelik en heestelik in die musiek bestaan het soos in ons dae nie. Bourgeois het Genève in 1557 al verlaat, sodat ons nog voor 'n totaal onopgeloste probleem staan insake die vraag wie die komponis(te) van die nuwe wysies in die uitgawe van 1562 was: Hulle is ongetwyfeld die swakste: ons mis juis die handigheid en musikaliteit van Bourgeois.

'n Mens het nie baie musiekopleiding nodig om te voel dat die musiek van die gesange baie beter as dié van die psalms is nie; 'n mens verbaas jou dat hulle so goed is as wat hulle is. Sommige melodieë is amper van dieselfde gehalte as dié van ons beste gesange; dit geld veral vir die wysie waarop ons ps. 100 sing, maar wat eintlik by ps. 134 tuishoort, en waarvan Bourgeois met sekerheid as komponis vasgestel is. Die populêre psalmwysies in Suid-Afrika is dié wat oor die algemeen die maklikste singbaar is. As voorbeeld kan ons ps. 42, „t Hijgend hert,” neem: die wysie is baie musikaal, maar dit ly aan die kwaal van so baie Franse musiek: dit is te charmant, wat amper dieselfde is as om te beweer dat dit oppervlakkig is. ('n Mens dink onwillekeurig aan 'n oer-Franse talent soos Massenet, die

operakomponis.) Ps. 25 „k Hef mijn Ziel” — een van die ou psalms van 1539 — kom my ook as Frans voor en is ook net so charmant. Ps. 36, „Het trots gedrag des boozen,” is taamlik onbekend in Suid-Afrika, maar die ander psalm (ps. 68) wat op dié wysie gesing word, „De Heer zal opstaan in de strijd,” is manjifiek en is, ver naamlik verse 1 en 10, een van ons populêrste psalms. Die wysie kan 'n mens maklik as Duits herken.

Ps. 65, „De lofzang klimt,” het 'n pragtige mineur-melodie wat by Afrikaners meer bekend as bemind is, omdat ons ons nie maklik versoen met mineurmusiek nie! Ps. 72 word op dieselfde wysie gesing. Dit is 'n gebed vir die koning, en in die verlede was daar nog nie dikwels geleentheid om nader met die psalm kennis te maak nie. Die wysie van ps. 66, „Juich, aarde, juich met blijde galmen,” ken elke kind in Suid-Afrika; dit is deur en deur Frans, met al sy voor- en nadele. Nóg ps. 66 nóg ps. 98, „Zingt, zingt een nieuw gezang,” wat op dieselfde wysie gesing word, het 'n so 'n mate die liefde van die Afrikaner gewen as ps. 118, „Laat ieder 's Heeren goedheid loven.” Veral verse 1, 7 en 12 is baie bemind. Ps. 116, „God heb ik lief,” is oor die lengte en breedte van ons land bekend. Myns insiens hou ons die meeste van verse 1, 2, 3 en 11; maar soos met alle dinge van dié aard, speel persoonlike smaak 'n baie groot rol. Ps. 74, wat ons op dieselfde wysie sing, leef egter nie vir die volk nie. Ps. 75 met die lieflike wysie („U alleen, U loven wij”) en ps. 81, „Zingt nu blij te moe,” is albei psalms wat taamlik goed bekend is en die wysies waarvan elk net vir 'n enkele psalm gebruik word. Die wysie vir ps. 84, „Hoe lieflijk, hoe vol heiligenot,” verskyn ook net een keer onder die psalms, maar die psalm waaraan hy verbonde is, is so bekend in Suid-Afrika asof hy nie sy oorsprong duisende myle ver in Frankryk gehad het nie. Net vers 5 is betreklik onbekend, omdat die berymings weiniger geluk is en woorde soos „schilder,” „aanshouw” en „Bondsgods” nie maklik singbaar is nie. (Terloops kan ek hier sê dat ons dankbaar kan wees dat die Nederlandse g-klank so dikwels in Afrikaans deur die makliker singbare en wel-luidender k vervang word.)

In verband met ps. 84 kan dit interessant wees om die Nederlandse teks (beryming van J. E. Voet) te vergelyk met dié van De Bèze. Die musiek is gekomponeer nadat Bourgeois Genève reeds verlaat het, maar die melodie is een van die mooistes van dié wat in 1562 verskyn het. Vers drie is die alombekende „Welzalig hij, die al zijn kracht,” waarin die reëltjies van moerbeie en hete middagson inkom: reëltjies wat die Afrikaanse kind so goed begryp. Maar dit is juis daar waar die Franse teks glad anders is, want dié lui: „Hy gaan deur die dorre, sanderige dal, sonder dat sy kragte uitgeput word; onder sy hand sal die frisse water gebore word en die reën van die hemel sal sy putte volmaak.” Ons sien dus dat die Franse berymings baie nader aan die bybelvorm hou as die Nederlandse van Voet. Dat laasgenoemde egter taamlik na aan die De Bèzeberyming hou, bewys die feit dat sy verwerking ook ses versies het, met elkeen min of meer van dieselfde inhoud.

Ps. 89, „k Zal eeuwig zingen,” is betreklik bekend, maar die wysie — ook 'n nuwigheid vir die uitgawe van 1562 — het nie besonder geluk nie. Dit is reeds bo vermeld dat ps. 100 op die wysie van ps. 134 in ons Kerk gesing word. Ps. 105 is ook nog bekend, maar niks meer nie; sy wysie is ook effens lam. Beter is die wysie van ps. 138, wat egter ook nie baie bekend is nie.

Daar bly nog 'n klompie psalms met elk 'n afsonderlike geskiedenis oor. Daar is b.v. ps. 136 „Looft den Heer, want Hij is goed”; sy psalmboekwysie is totaal onbekend, en die psalm word gesing op die wysie van die beroemde Duitse gewyde lied „Grosser Gott, wir loben dich” (Grote God, ons Lowe U.) Die musiek is betreklik nuut en is van P. Ritter (1763-1846). Hoewel die wysie in Duitsland uiters bemind is, word die

(Vervolg op bladsy 73)

## Die Oorsprong van Ons Gesange en Psalms

(Vervolg van bladsy 23.)

gesang in bekende Duitse gesangboeke nie opgeneem nie. Die rede is dat die gesang uit die Weense (Katolieke!) gesangboek van 1774 oorgeneem is. Die Protestantse geskiedenis van die wysie dateer eers vanaf 1819. Wie die wysie vir ons orreliste geleer het, weet ek nie, maar ek het meer as 'n sterk vermoede dat dit langs „Zon mijner Ziel” („Sun of my Soul” van Tennyson) kom. Hierdie Halleluja-lied het nie 'n Angelsaksiese oorsprong nie; dit is dus nie deur G. J. Elvey in 1862 gekomponeer nie, maar wel deur Ritter in 1774, soos bo aangegee. In Duitsland voel geen sterfling meer „Grosser Gott, wir loben dich” as Rooms nie, hoewel dit tog die geval is.

„Uit diepten van ellenden” (Ps. 130) is algemeen bekend in Suid-Afrika, maar min mense weet dat ons nooit die psalmboekwysie sing nie, maar altyd dié van „Valet will ich dir geben” (Teschner, 1613) soos reeds in die artikels oor die oorsprong van die gesange uiteengesit is.

Ps. 23, „De God des heils wil my ten herder wezen,” is vroeër dikwels op 'n wysie wat wyle prof. Jannasch daarvoor gekomponeer het, gesing. Aan die musieksy is daar niks as lof vir die melodie nie; maar na my beskeie mening is die ritme en styl nie koraalagtig genoeg nie en eerder van die aard van 'n geestelike lied as van 'n koraal. Sover ek weet, is hierdie melodie van prof. Jannasch die enigste wat kans staan om as volksgoed te bly leef.

„Prijs den Heer,” wat seker die allerbekendste wysie onder Afrikaners is, behoort nie tot die „psautier”-reeks nie, en ek moes byna erken dat dit my nie geluk het om die melodie op te spoor nie. Prof. P. K. de Villiers van Caledon was egter so vriendelik om my die volgendende inligting te verskaf: volgens 'n Duitse koraalboek van Emilie Schild, uitgegee te Elberfeld, is die wysie gekomponeer deur 'n sekere Bäsler in 1804. „Prijs den Heer” is dus 'n geval van resente Duitse leengoed in Suid-Afrika. Sover ek weet is die geskiedenis van die wysie in Suid-Afrika onbekend. Die elegansie en uitgesproke homofoniese vorm van die musiek bestempel dit onmiskenbaar as modern. Dit is miskien tog wenslik om 'n lys van psalms te gee wat volgens my mening volks- en kultuurgoed geword het. „Prijs den Heer” is dié godsdienstige lied van die Afrikaanse volk en staan in 'n klas op sigself. In lys 1 sou ek pss. 84, 100, 130 en 134 plaas; in lys 2 pss. 25, 42, 116, 118 en 136; in lys 3 pss. 65, 66, 68, 75, 81, 89, 98, 105 en 138; 'n derde lys bevat pss. 36, 72 en 74, wat feitlik net deur hul bekende wysies aan die vergeleheid ontruk is. Vir die Afrikaanse volkskultuur lewe daar dus hoogstens 'n twintig psalms, of ongeveer tien persent, wat inderdaad geen ryke oogs is nie. Ons moet egter nie vergeet dat heelparty gesange op psalmwysies gesing word nie, hoewel dit die toestand van sake, wat die psalms betref, nie verbeter nie.

Die geskiedenis van die Nederlandse psalmberymings is taamlik lang vergeleke met dié van die gesange, wat in 1803 gekies, in 1805 uitgegee en in 1807 op Nuwejaarsdag ingevoer is. Dit is taamlik futiel om ons hier besig te hou met ouer Nederlandse psalmberymings wat vir ons kerk van geen belang is nie. Agter in ons psalmboek sien ons dat ons beryming 'n drieledige oorsprong het. In 1773 het op versoek van die State van die Nederlandse provinsies nege predikante bymekaar gekom met die doel om 'n psalmboek op te stel uit die beste beskikbare berymings. Blykbaar was volgens hulle oordeel die beryming van 'n sekere Johannes Eusebius Voet (1703-1778) die beste, want hy is verantwoordelik vir die woorde van twee-en-tagtig psalms. 'n Tweede bron is „De Honigraet,” 'n beryming van 'n Amsterdamsse goudsmid Hendrik Ghijsen, wat ook 'n voorsinger was. Hierdie versameling, wat in 1686 verskyn het, was saamgelap en saamgeflans uit sewentien reeds bestaande berymings, en 'n mens het dus rede om verbaas te wees dat onder die tien psalms wat in 1773 uit sy versameling oorgeneem is, daar psalms soos no's. 100 en 130 voorkom, wat albei in my eerste lys voorkom. 'n Derde bron was nogal 'n deftige: in 1759 het die digtersgenootskap „Laus Deo Salus Populo” (Tot lof van God en heil van die volk) ook 'n bery-

ming uitgegee, omdat volgens hulle oordeel „zelfs het betamelijke van met verstand te zingen niet langer in de gemeente kon stand grijpen, naardien eene menigte van woorden en spreekwijzen, die door den tijd in onbruik geraakt en onverstaanbaar geworden zijn, in de berijming van Datheen gevonden worden.” Dit klink amper *mutatis mutandis* soos 'n motivering vir 'n Afrikaanse beryming. Van daardie „Laus Deo” het die keurkomitee agt-en-veertig psalms gekies, o.a. „Prijs den Heer” en „Dat 's Heeren zegen op u daal’.”

Dit is nie vir my moontlik om binne die perke van hierdie artikel te bespreek in hoeverre die Voet-Ghijsen-Laus Deo-psalmberymings, waaruit ons psalmboek bestaan, met opset aan die Franse tekste van die „psautier genèvois” gebonde is of dit met opset vermy nie. Die ou beryming van die Vlaming Petrus Dathenus of Datheen (1531-1588), wat in 1566 verskyn het en toe later in Holland so „onverstaanbaar geworden” is, was 'n vertaling van die „psautier genèvois,” en dit lyk vir my asof geen Nederlandse beryming hom ooit volkome van die psautier vrygemaak het nie. Hoe dit ook mag wees, is Marot, De Bèze en Bourgeois name wat deur elkeen wat nog belangstel in ons volkskultuur, baie hoog vereer moet word. Sels nog meer as van ons gesangboek styg van ons psalms die rook van die brandstapel op. Ons moet nie vergeet nie dat in 1685, met die herroeping van die Verordening van Nantes, die eintlike vervolging van die Protestante 'n onbekende omvang aangeneem het, nadat ons Hugenote-voorvaders alreeds vreeslike gebeurtenisse soos die Bartolomeusnag en die beleg van La Rochelle deurgemaak het. Vir 'n politieke genie soos Richelieu was die nasionalistiese eenheidsdriever miskien die belangrikste, maar geen historikus, selfs nie prof. Burckhardt nie in sy meesterlike boek *Richelieu* (1934), kan ons oortuig dat by die Hugenote-vervolging die nasionale eenheidsgedagte by die Franse volk die enigste of belangrikste was nie; en wie dit van 'n Roomse kardinaal soos Richelieu beweer, ken nie die Roomse mentaliteit nie.

Eienaardig genoeg het die verbod van die Roomse Kerk van die gebruik van die psalms eers glad nie bestaan nie; intendeel, hulle was eers uiters populêr in Frankryk, veral by die Rooms-Katolieke. Maar toe die Hugenote hulle ook begin sing en tot hul strydskree neem, het die Katolieke staatskerk hulle gebruik som-

gou verbied, sodat hulle tot die kenmerkende besit van die Protestante geword het. En daardeur het die psalms hul eintlike wyding ontvang, want vroeër is hulle met baie min piëteit behandel, sodat die koning se uitgelate jagparty dikwels „Hijgend hert der jagt ontkomen” as vrolike jagkoor gesing het!

Geen mens sal ooit wil beweer dat die musiek van ons psalms van dieselfde gehalte is as dié van ons beste gesange nie: hul oorsprong was nie dié van gewyde musiek nie, en selfs in ons dae, wanneer ons gevoel vir die gewyde „tekstuur” in die musiek grootliks afgestomp is, is dit nie moeilik om die verskil te voel nie tussen „Hoe lieflijk, hoe vol heilgenot” (Roi des rois éternel mon Dieu) en „Houdt Christus Zijne Kerk in Stand” (Ein' feste Burg ist unser Gott). Maar in ons dae staan ons ook heeltemal onkrities teenoor die teks en musiek van die psalms, omdat hulle, vir sover hulle aan ons bekend is, in die ware sin van die uitdrukking een met die volk geword het. Ons gesangboek is maar 'n bietjie langer as honderd jaar in die gebruik van ons Kerk, terwyl ons psalmtradisie teruggaan na die tyd voor ons voorouers hier aangeland het uit Frankryk. Ons psalms is die enigste kulturele band wat ons nog bind aan die Franse kultuur wat vir Afrikaners seker nooit weer 'n lewende inspirasie kan word nie; en as belangrikste rede hiervoor geld die verskil van die huidige, vir die Roomse geloof met geweld teruggewonne Frankryk, van dié wat in die sestiende en die sewentiende eeu die worstelstryd van ons voorvaders aanskou het, en die aarde waarvan met hul martelaarsbloed gedrenk is.

### BEATUS EST

(Beatus qui in dorno sedet)

Die dag het reeds gedaal,  
en langs 'n stofgetrapte voetpad  
slenter moeg  
'n werksman na sy huis.  
Vanaand, vannag, tot môre vroeg,  
wanneer 'n nuwe taak begin,  
wag liefde vir hom daar,  
en dierbares sal bly  
hul om die moeë vader skaar.  
Gelukkig hy wat na sy dag se taak  
'n tuiste het waar handjies teer  
sy moeë hoof sal streel.  
Sy werk is wel beloon, niks wens  
hy reer.

D. C. Rossouw.



Knysna vanuit die lug algemeen, met die beroemde Koppe op die voorgrond. (Foto S.A.S.)